

17 Junie

**Skrifgedeelte: Psalm 85:9-14**

**Fokusgedeelte: Psalm 85:9 (1983-vertaling)**

### **Begin oor is begin hoor**

“Ek wil luister”! Só begin die kentering in hierdie Psalm. Ván ’n hartstogtelike roep om ontferming, déúr ’n smartlike smeking om vernuwing, kom die wending na ’n besliste besluit: “Ek sal nou wag en luister, want ek weet dat God die HEER sy volk nie sal vergeet” (beryming).

Is dit dan nie waar elke werklike, diepgaande vernuwing van my en jou lewe – én van die lewe in die kerk van die Here – altyd weer begin nie? Maar dan moet dié luister ’n léwende luister na die léwende God wees – soos sy stem deur sy Woord *in my hart* ín klink en dáár lewe wek. Baie méér nog as hierdie Psalmdigter leef ons immers nóú in die tyd van diep-hoor: “Ek verseker julle daar kom ’n tyd, *en dit is nou*, wanneer die dooies die stem van die Seun van God sal hoor en dié wat daaraan gehoor gee, sal lewe” (Joh. 5: 25).

Vir wie só luister na die stem van Hom wat *nou* – midde in die “doodsheid” van talle kerkgemeenskappe én lidmate! – vrede spreek, dit wil sê: vrede deur sy Woord en Gees “inpraat”, “gaan daar fonteine oop” (soos die vorige Psalm dit uitsing). Vernuwing van ’n ware lewe in vrede met God, met ander mense en met die hele skepping vloei uit sulke fonteine voort. Dán kan, deur God se genade, die *groot ontmoeting* kom: tussen liefde en trou. Dán soen vrede en geregtigheid mekaar! Maar wat anders is die Kruisevangelie dan?

Dis één verruklike visioen hierdie, vir jou en my as gelowiges vandag! En ’n vergesig vir ’n steeds vernuwende kerk. “Hulle moet net nie weer afdwaal nie”!

*Sing: Psalm 40:3 (1936)*

*Dr. PP (Paul) Kruger (Emeritus)*